# Dis hoe die lewe werk

## Jy is ‘n mens

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 31 Mei 2026

Die Bybel het instruksies oor die lewe, gebaseer op baie spesifieke sieninge, en instruksies, riglyne, kan ’n mens se lewe maak of breek … humoristiese video

**Ek is maar net ’n mens …**

Wanneer jy soggens voor die spieël staan, wat is dit wat jy werklik aanskou? Sien jy bloot die biologiese merke van nog ’n dag wat verbygegaan het? Sien jy ’n organisme wat bloot meegesleur word in die stryd om oorlewing. Wat is ’n mens?

Ons begin vandag met ’n nuwe reeks, Dis Hoe die Lewe Werk, en daar is geen belangriker plek om te begin as by jouself nie. Nie omdat jy die middelpunt van die heelal is nie, maar omdat jy die enigste wese in die hele kosmos is wat ontwerp is om die middelpunt van die heelal te weerspieël. Ons almal het al gesê: “Ek is maar net ’n mens.” Dalk as ’n verskoning vir ons foute, of as ’n gerieflike skouerophaal vir ons morele misstappe, of as ’n manier om onsself te troos oor ons beperkinge en tekortkominge.

Maar in die sinnetjie “Ek is maar net ’n mens,” is twee woorde wat glad nie daar hoort nie: “maar” en “net”. Daar is niks “maar” of “net” aan menswees nie. Om mens te wees, is die mees opspraakwekkende, glorieryke en terselfdertyd die mees tragiese realiteit in die hele geskape orde. As jy jouself verkeerd verstaan, gaan jy die lewe verkeerd leef. As jou antropologie—jou beskouing van die mens—skeef is, gaan jou hele lewenswandel skeef loop. Jy kan nie ’n reguit koers stuur met ’n kompas wat nie die ware Noorde van jou eie oorsprong erken nie.

Ons leef in ’n kultuur wat die mens wil afskryf as niks meer as materie nie. Die sogenaamde “groot denkers” van ons tyd, die wat as gesaghebbendes in universiteite en populêre media aangehaal word, verwerp die idee van ’n mens as geestelike wese, verwerp die idee dat daar enige realiteit buiten die fisiese is.

Een van die mees invloedryke filosowe van die vorige eeu het die sekulêre siening van menswees soos volg opgesom:

“Man is the product of causes which had no prevision of the end they were achieving; his origin, his growth, his hopes and fears, his loves and his beliefs, are but the outcome of accidental collocations of atoms.” (Bertrand Russell)

Wat ’n stelling! Om te glo ’n mens is bloot ’n samestelling van atome wat per ongeluk teen mekaar gebots het. Jou diepste liefde vir jou kind, jou grootste hoop vir die toekoms, jou

geloof in iets groters—alles is volgens hom niks meer as chemiese reaksies wat geen doel het nie. Jy is ’n biologiese masjien in ’n masjienagtige heelal.

Richard Dawkins, die bekende bioloog wat miljoene se denke beïnvloed, gaan nog verder in sy beskrywing van die werklikheid:

“The universe we observe has precisely the properties we should expect if there is, at bottom, no design, no purpose, no evil, no good, nothing but pitiless indifference.” (Richard Dawkins)

Hierdie “pitiless indifference”—genadelose onverskilligheid—is die grondslag van die moderne wêreld se siening van ’n mens. Geen ontwerp nie, geen doel nie. Geen objektiewe waarde nie. ’n Mens is ’n weggooibare objek. En as jy dood is het jy ophou bestaan.

Maar die Skrif sê hierdie onverskilligheid, doelloosheid, is ’n leuen. Die heelal is nie ’n onbeplande toevalligheid nie; dit is gemaak deur ’n Persoon. Jy is die resultaat van ’n Goddelike besluit. Die sekulêre definisie van menswees maak lewe betekenisloos, en ’n mens waardeloos, vervangbaar. En dit is presies waar die vyand jou wil hê. Want iemand wat glo hy is “net ’n ongeluk”, sal nooit sy roeping as koninklike beeldraer opneem nie.

Aan die ander kant is daar weer die panteïstiese idee wat al hoe meer in die Christelike kerk insluip, die idee dat die heelal en God dieselfde iets is;—alles is God en God is alles. Geen onderskeid tussen die Skepper en die skepsel nie. God is nie meer die heilige, transendente Persoon wat buite Sy skepping staan en dit deur sy mag onderhou nie, maar word gereduseer tot 'n universele energie wat deur die atome van die kosmos vloei. As jy hierdie idee aanvaar, glo jy uiteindelik dat die natuur self aanbid moet word en dat jy nie 'n wese is wat voor God verantwoordbaar is nie, maar bloot 'n druppel water wat moet terugvloei in die oseaan van 'n kosmiese bewussyn.

Hierdie gedagtegang het die kerk op 'n baie subtiele manier binnegesluip onder die dekmantel van "nuwe spiritualiteit" of "Christelike mistiek." Jy sal dit hoor in die taal van mense wat praat van die "goddelike vonk" wat binne-in elke mens sou skuil, die kosmiese Christus wat jy in jouself moet ontdek, asof jou redding nie van buite jouself deur die lewe, dood, en opstanding van die historiese persoon, Jesus Christus, kom nie, maar eerder deur 'n ontwaking van jou eie goddelikheid. Dit word dikwels vermom as 'n oordrewe klem op God se teenwoordigheid in die natuur, tot op 'n punt waar die skepping self as 'n bron van openbaring gelykgestel word aan die Skrif. Wanneer die fokus verskuif van 'n persoonlike verhouding met die God van die Bybel na 'n vae belewenis van "eenheid met die heelal," het jy die evangelie verruil vir 'n panteïstiese leuen wat jou identiteit as 'n unieke beeldraer van God vernietig.

**’n Spieël van die Ewige ...**

’n Mens se identiteit lê fundamenteel opgeteken in die eerste, en belangrikste, sin oor ’n mens in die Bybel.

**Genesis 1:26-27**

Toe het God gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons gelykenis…" Hierdie teks is nie bloot 'n poëtiese inleiding nie; dit is die grondwet van jou bestaan.

Wie is aan die woord? Iemand wat sê: "Laat Ons." 'n Kykie in die rykdom van God se eie wese—'n ewige gemeenskap van Vader, Seun en Heilige Gees. Dit vertel vir jou iets fundamenteel oor jouself: Jy is gemaak deur 'n God wat in wese verhouding is, daarom is jy gemaak vir verhouding. Jy is nie 'n biologiese eiland nie; jy is ontwerp vir gemeenskap. Jou soeke na konneksie is nie 'n toevallige oorlewingsbehoefte nie—dis 'n jou wesenlike geskape identiteit.

Na ons beeld en gelykenis … Die Hebreeuse woorde vir die standbeelde wat konings in die antieke Nabye-Ooste van hulleself opgerig in die uithoeke van hulle ryk. Waar die standbeeld gestaan het, daar was die koning se heerskappy erken. Dis wat dit beteken om na God se beeld gemaak te wees. Jy is ontwerp om 'n spieël te wees. As't ware 'n lewende standbeeld een wat ontwerp is om die heerlikheid en die karakter van die lewende God in die skepping in te weerkaats. Jou lewe het net sin as jy Iemand anders as jouself verteenwoordig.

C.S. Lewis het hierdie konsep van "reflektiewe goedheid" verstaan toe hy geskryf het dat ons hele bestemming daarin lê om so min as moontlik onsself te wees, en eerder skoon spieëls te word wat gevul is met die beeld van 'n gesig wat nie ons eie is nie. Jou hoogste goed lê nie daarin om "jouself te vind" deur na binne te staar nie. Dit lê daarin om jou oë van jouself af te haal en so op God te fokus dat jou lewe 'n spieël word wat Sy gesig weerkaats. Dit is die groot tragedie van die moderne sielkunde wat sê jy moet binne-in jouself kyk vir krag. Maar 'n spieël wat na homself kyk, sien niks buiten sy eie glasigheid nie. 'n Spieël kry eers betekenis wanneer hy wegkyk van homself na die voorwerp wat hy moet weerkaats.

"Our whole destiny seems to lie in the […] direction … [of] … being as little as possible ourselves, in acquiring a fragrance that is not our own but borrowed, in becoming clean mirrors filled with the image of a face that is not ours… the highest good of a creature must be creaturely – that is derivitive or reflective – good… pride does not go before a fall but is a fall – a fall of the creature's attention from what is better, God, to what is worse, itself." (C.S. Lewis)

Ek lees van Michael Faraday, een van die grootste wetenskaplikes van alle tye, selfopgele, seun van 'n arm grofsmid, sonder enige skoolopleiding. Maar hy het geglo dat die heelal die kunswerk van 'n wyse Skepper is. Terwyl hy boeke gebind het, het hy die wette van elektromagnetisme begin ontdek—wat die opwekking van elektrisiteit vir alledaagse gebruik moontlik gemaak. Hy was ook die uitvinder van die elektriese motor, en eintlik talle ander dinge wat die hele wêreld 'n ander plek gemaak het. Maar Faraday, het geweier om tot tot ridder geslaan te word omdat hy bloot Michael Faraday, 'n eenvoudige Christen, wou bly. Hy het sy verstand gesien as 'n instrument om oor God se gedagtes na te dink. Hy het sy plek in die skepping geken—nie as 'n god nie, maar as 'n mens wat die voorreg het om God se heerlikheid te ontsyfer. Wanneer jy jouself as 'n spieël verstaan, verloor jy die behoefte aan selfverheerliking, want jy weet dat die lig wat deur jou skyn, nie jou eie is nie.

Dis waarvan 'n byna versteekte vers praat …

**Psalm 108:2**

My hart is gerus, o God! Ek wil sing en psalmsing, ja, ook my eer.

“eer” … die Hebreeuse woord kabod. Gewig, rykdom, massa en heerlikheid. Die Amplified Bible vertaal dit as:

“… I will sing praises, even with my glory [all the faculties and powers of one created in Your image]!”

Dawid erken dat hy toegerus is met geweldige geskenke: ’n verstand wat kan redeneer, ’n verbeelding wat kan skep, emosies wat kan liefhê en ’n wil wat kan besluit. Dit is jou “kabod,” jou heerlikheid, jou eer as beelddraser, die koninklike gewig wat God op jou as mens geplaas het.

**Die Tragedie van ons beskadigde heerlikheid …**

Die tragiese verhaal van die sondeval is dat ons ons ’n beeldraerskap versaak het.

Sonde is nie bloot ’n morele foutjie nie; dit is diefstal van God se eiendom. Om dit wat ontwerp is om God te weerkaats te gebruik om self lig te wil word. ’n Spieël wat die son wil wees.

Dit was Belsasar se sonde. Daniël staan voor hierdie magtige koning en sê:

**Daniël 5:23**

… die God in wie se hand u asem is en aan wie al u paaie behoort, Hom het u nie vereer nie.

Die asem wat Belsasar gebruik het om sy godslasterlike woorde uit te spreek, was asem wat God op daardie oomblik vir hom geleen het. Elke asemteug wat jy nou neem, is ’n daad van Goddelike genade. Jy besit nie jou eie asem nie, jy besit nie jou eie liggaam nie. Sonde is om God se asem te steel en die liggaam wat God jou geleen het teen Hom te gebruik. Om die “heerlikheid” wat Hy in jou geplaas het, te neem en dit voor die afgode van jou eie ego neer te lê. “Dit is my lewe, ek doen wat ek wil,” om God se toerusting te steel en jou eie rebelsheid te finansier.

Dis hoekom ons verminkte beelddraers is. Ons het onsself die middelpunt gemaak, en toe nie meer “goddelik” geword nie—maar eintlik minder as menslik. Die mens wat met heerlikheid, met “gewig” gemaak is, se menswees en het te lig geword, oppervlakkig en sonder betekenis.

En het beïnvloed hoe onsna ander kyk. As jy vergeet dat jy ’n beeldraer is, vergeet jy dat jou naaste ook een is. Mense word objekte— middels tot ’n doel, kliënte, of teenstanders, of irriterende hindernisse.

"It is a serious thing to live in a society of possible gods and goddesses, to remember that the dullest and most uninteresting person you talk to may one day be a creature which, if you saw it now, you would be strongly tempted to worship, or else a horror and a corruption such as

you now meet, if at all, only in a nightmare. All day long we are, in some degree, helping each other to one or other of these destinations." C.S. Lewis

Wanneer jy neerkyk op iemand, dan minag jy God se beeld. Om waarlik mens te wees, beteken om 'n bewaker van die beeld van God in ander te wees, ander se waardigheid, heerlikheid. Maar ons het soos stukkende spieëls geword wat mekaar met ons skerwe sny. En 'n spieël kan homself nie uit sy eie skerwe weer aanmekaar plak nie. Hy het sy Maker as Heelmaker nodig.

Want die eerste Adam is 'n gekraakte spieël

Die eerste Adam is 'n gekraakte spieël

Maar die Tweede Adam het gekom ...

**Twee Adams ...**

**1 Korinthiërs 15:45**

Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

Die enigste oplossing vir die krisis van menswees, nie 'n stel reëls of sielkundige tegnieke nie. 'n Persoon. Die een wat die mens gemaak het, het 'n mens geword. Om mense heel te maak ...

**Kolossense 1:15-20**

15Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;

16want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

17En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

18En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

19Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon

20en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.

In Jesus sien ons vir die eerste keer in die geskiedenis hoe 'n ware mens lyk.

Die Een wat nooit Sy eie eer gesoek het nie. Wat elke asemteug gebruik het om die Vader te verheerlik. Die perfekte spieël waarin die heerlikheid van God sonder enige afwyking of kraak geskyn het.

Jesus het nie net gekom om ’n voorbeeld te wees nie. As Hy net ’n voorbeeld was, sou Hy ons in wanhoop gelaat het, want ons kan nooit Sy volmaaktheid bereik nie. Hy het gekom as die Tweede Adam om ons menswees te kom herstel. Aan die kruis het die ware Beeld van God, die volmaakte spieël, Homself gegee om gebreek word. Die Lig van die wêreld het die duisternis ingegaan sodat ons uit die duisternis kan kom. Hy het die oordeel oorgeneem wat oor ons as beelddiewe en rebelle moes kom. Hy is gebreek sodat die krake in die spieël van my lewe herstel kan word.

Die evangelie is die goeie nuus dat God besig is met ’n restourasie-projek. Wanneer jy jou lewe aan Christus oorgee, begin die Heilige Gees ’n werk in jou wat die res van jou lewe sal duur. Hy is besig om die beeld van Christus in jou te vorm. Jy word weer mens! Jy word meer jouself namate jy meer soos Hy word. Want om soos Christus te wees, is om te wees wat jy van die begin af bedoel was om te wees: ’n spieël van God se heerlikheid. Dis nie ’n kompromie met ander gelowe waar spiritualiteit ’n vae soeke na die “self” is nie. Radikale transformasie deur die krag van die opgestane Christus.

Sonder hierdie verhouding met die God van die Bybel bly jou menswees ’n raaisel wat jy nooit sal kan oplos nie. Jy sal aanhou soek na betekenis in jou werk, jou verhoudings of jou besittings, maar jy sal altyd leeg eindig, want jy is ontwerp om in direkte gemeenskap met jou Skepper te leef. Jy word soos dit wat jy aanbid. As jy geld aanbid, sal jy koud word. As jy mag aanbid, sal jy wreed word. As jy romantiese liefde aanbid sal jy ’n ontnugterde ewige soekende wees. Maar as jy Jesus Christus aanbid, sal jy begin om weer te skyn. Jou menswees sal begin blom soos dit bedoel was. Jy sal ontdek dat jou talente en jou “eer”, jou “heerlikheid” eers werklik sin maak wanneer dit in diens van die Koning staan. Jy hoef nie meer jou eie waarde te bewys nie, want jou waarde is gevestig in Hom wat die prys vir jou siel betaal het.

Hierdie herstel verander hoe jy met jou huweliksmaat maak, hoe jy jou besigheid bedryf, hoe jy selfs met jou vyande praat. Om met met nuwe oë na ander kyk as beelddraers wat ook herstel nodig het.

Kyk na die tafel: Brood en wyn. Fisiese, materiële dinge. Dit herinner ons, God het my liggaam gemaak, en dat Hy dit goed noem. Hierdie brood en wyn sê God het self mens geword. Dit gee aan jou fisiese bestaan, jou gesondheid en jou werk ’n onskatbare waardigheid. Ons ontsnap nie menswees om naby God te wees nie; ons gee ons menswees aan Hom oor sodat Hy dit kan heilig.

Die gebreekte brood herinner my aan die die prys van my rebellie—my sonde is nie gering is nie. Dit het die liggaam van die Seun van God gekos om die beeld in my te herstel. Dit stroop my van hoogmoed. Ek is nie “maar net ’n mens” met miskien ’n paar foutjies nie. Hier erken ek dat ek die asem wat Hy my gegee het, teen Hom gebruik het. Die brood wat gebreek is, vertel van ’n God wat Homself gverneder het sodat ek nie verlore sal gaan in my eie selfverheerliking nie.

Maar miskien jy voel jy vandag waardeloos—nie maar net ’n mens nie, eintlik minder as mens, die lewe, ook jou eie foute laat voel jy het geen hoop het nie—kyk na hierdie tafel. As God bereid was om die prys van sy eie Seun te betaal om jou terug te kry, dan is jy vir Hom meer werd as die hele heelal. Jou waarde lê in die prys wat vir jou betaal is. Hierdie tafel sê Hy kan sy beeld in jou as die beeldraer herstel. Jy kan ’n gas wees by die tafel van die Koning van die Heelal.

Wanneer jy die brood eet en die wyn drink, erken jy jou totale afhanklikheid. “Here, ek kan myself nie onderhou nie. Ek het lewe nodig, lig nodig, van buite myself.” Ek wil ophou om die dief te wees wat sy eie heerlikheid probeer bou, By hierdie tafel keer ek weer en weer terug na die tuin waarvoor ek gemaak is.

Hier sê ek saam met Dawid: “My hart is gerus, o God! Ek wil sing met my eer. Dankie vir my asem wat in u hand is. Neem my lewe en laat dit u heerlikheid weerkaats.”

Jy is “maar net ’n mens” nie. Jy is ’n mens! Jy is die draer van God se beeld, ’n ewige wese met ’n koninklike roeping. Jy is iemand vir wie die hemel leeg gemaak is sodat jy weer heel gemaak kan word. Jy is ontwerp om die heerlikheid van die Skepper van die heelal te weerkaats. By jou mense. In jou huis. Oral waar jy gaan …

**Psalm 8**

2o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.

3Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak.

4As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het —

5wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?

6U het hom ’n weinig minder gemaak as ’n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.

7U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:

8skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,

9die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.

10o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!